

Wraak is God se werk, nie joune nie

Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan MY kom die wraak toe, EK sal vergeld, spreek die HERE. Romeine 12:19

Wraak is God se werk, **nie joune nie**. Hy sal vergeld - of dit nou op die oordeelsdag of in hierdie lewe is. Hy kan jou beledigende baas dissiplineer, 'n woedende ouer laat versag, of jou eks tot op sy knieë of tot haar sinne bring. Vergifnis verminder nie geregtigheid nie; vertrou dit aan God toe. Hy waarborg die regte hoeveelheid vergelding. Ons gee te veel of te min, maar Hy het die presiese resep. Anders as ons, gee Hy ook nooit oor 'n persoon op nie. (iets waaroor jy baie bly behoort te wees). Dis God se werk om jou vyande reg te ruk. Dis jou werk om jou vyande te vergewe. 'Moenie net regsit om ander mense in eie munt terug te betaal as hulle iets verkeerd aan jou gedoen het nie. Doen liever goeie dinge sodat ander mense kan sien dat jy God dien. Doen van jou kant af alles in jou vermoë om in vrede met ander mense te leef. Laat staan al jou wraakplanne, my lieve broers en susters. Dit pas glad nie by gelowiges nie. Los sulke dinge vir God. Daar staan immers in die Bybel: 'Ek alleen het die reg om te straf; Ek sal wraak neem,' sê die Here. 'As jou vyand honger is, moet jy sorg dat hy iets te ete kry. As hy dors is, moet jy hom iets gee om te drink. As jy dit doen, sal jy hom verskriklik skaam maak.' Moenie toelaat dat dit wat sleg is in jou lewe die oorhand kry nie...' (verse 17-21 DB). Die skrywer Max Lucado sê: 'Wraak bou 'n lang, smal huis met net genoeg spasie vir een mens. Die lewe van die inwoner word op een doel gefokus: Maak iemand se lewe ellendig. Op die ou einde is dit egter net sy eie lewe wat hy ellendig maak.'

deur Bob & Debby Gass

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig
- Bid asb vir gebroke huwelike; verslawings & depressie lyers
- Bid asb vir Eskom & sy werkers in die moeilike tye
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & land
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het MS en kry baie swaar
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Maria Steyn vir volle genesing
- Bid asb vir Anet Beckman – sy het kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – hy is baie siek
- Bid asb vir Isak & Anna Mofokeng – beide is ernstig siek
- Bid asb vir Hennie van Aswegen dat voet ten volle herstel
- Bid asb vir Ria Putter vir volle genesing
- Bid vir Gert & Magriet du Plooy-albei is ernstig siek
- Bid asb vir Francios Naude vir s poedige herstel
- Bid asb vir JB van Heerden vir genesing
- Bid asb vir Monty Pienaar-bid vir volle genesing

“Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die HERE julle GOD gaan saam met julle. HY sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie”

Deut 31:6

Onthou om te onthou . . .

Datum	“Topic”	Plek
VP Congregation English Service @ 11:00 every Sunday		
12 Mei 2019	Paassangdiens	VP Kerk
25 Mei 2019	Vleisfees	VP Kerk

Rig gebedsbulletin versoek direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- Ons is lief vir U!



Trust
that when
the answer
is no,
there is
a better yes
down the road.

Gedagte vir die week

Dear God,
if today I lose my hope,
please remind
me that your
plans are better
than my dreams.

**Thank you LORD
Amen**